# NG RUSTENBURG-SUID

**25 NOVEMBER 1958 – 28 NOVEMBER 1998**

40 Jaar

JESUS LEEF EN ONS MET HOM

N.G. Kerk Rustenburg-Suid

## Jubel oor Jesus!



*Ons leraars gesin Johannes, Neelsie, Jannie, Alex, Janette en Martie*



*Ons trotse Kerkgebou*

**LEES BINNE:**


Voorwoord/Redaksioneel . . . . . 2
40 Jaar van lief en leed . . . . . . 3
Groeteboodskappe . . . . . . . . . 4
Die humor is nie uigesluit. . . . . 4
Kerkraad 1998. . . . . . . . . . . . 5
Geskiedenis van Rustenburg-Suid 6
Fotobeeld . . . . . . . . . . . . . . . 9



**DE WET DE VILLIERS MAKELAARS / BROKERS**

STEENSTRAAT 30 STEEN STREET
✉ 3512 RUSTENBURG 0300
☎ (0142) 21263 – FAX (0142) 971276

**KORTTERMYN/SHORTTERM**
JM de Wet · A Schelhase
JR King · CF Schlotfeldt

**FINANSIËLE DIENSTE/FINANCIAL SERVICES**
SJ Kruger · CPJ Serfontein
JF Roode · HP Roesch

# By die gemeente se Veertigste Geboortedag

Die getal veertig speel in die Bybel 'n interessante rol. Noag het die eerste keer daarmee in aanraking gekom toe dit veertig dae en veertig nagte gereën het. Reeds so vroeg in die Bybel begin mens vermoed dat dit spesiale tyd is. Dit is 'n soort maksimum tydperk wat 'n mens kan uithou. Dis ook 'n tyd vir God om te reinig.
Jesus het ook veertig dae in die woestyn uitgehou en is toe versoek. Veertig dae het God vir Elia in die berge versorg deur kraaie terwyl die volk hulle besluit oor die Here moet neem. Veertig dae het Nineve in Jona se tyd kans vir bekering gehad. In al hierdie gevalle (en nog meer) is dit veertig geboortejare. Dis simbolies die tyd in die "moederskoot" voordat die lewe werklik begin. Veertig is simbolies die tydsduur wat nodig is om dinge uit te sorteer en agtermekaar te kry. Veertig is die tyd wat "vol" en "ryp" geword het.
Sonder om die getal veertig al te letterlik op die gemeente toe te pas, waag ek om te sê die gemeente se vormingsjare is nou agter die rug. In die simboliese taal is die gemeente nou pas behoorlik "gebore". In hierdie geboortejare het baie gebeur. Ons kon vir onsself uitmaak dat die kern van die gemeente se bestaan die geloof is dat **"Jesus leef en ons met Hom"**. God het aan ons 'n eie, unieke karakter gegee wat besig is om steeds verder te ontwikkel. Al is ons heelhartig NG, het ons ons eie broederlik-/susterlike styl, 'n eie eredienstradisie, 'n eie leierskapstyl, ens.
Na nog veertig dae kon Noag die ark se deur dus weer oopmaak. Na veertig dae op Sinaï kon Moses die wet (wat daar gebore is) na die volk toe bring. Na veertig dae was Jesus reg oms Sy verlossingswerk te voltooi. Die nuwe lewe lê voor. Die eiesoortige perspektief wat die Here in ons gemeente laat groei het, sal in die volgende jare tot voller werklikheid moet ontwikkel. Niemand weet presies hoe dit sal lyk nie. Dit staan egter vas dat, net soos ons almal tot hiertoe elkeen 'n mindere of meerdere aandeel gehad het in God se werk, ons ook 'n belangrike rol sal speel in wat die gemeente vorentoe word.
Veertig is maar jonk! In terme van die geskiedenis van die Here se kerk is veertig immers bloedjonk. God se werk is soveel ouer en groter as ons gemeente. Dit sal ook veel langer standhou. Tog is dit heerlik om te weet dat vir hierdie kort tydjie en solank dit God mag behaag, ons deel kan vorm van die magtig dade van God op hierdie aarde.
Mag ons almal se diepste wens en gebed bly dat die Here ons steeds waardig mag ag om deel te vorm van sy verlossingswerk op aarde. Mag ons van hier af steeds jubelend, biddend juig: **"Jesus leef en ons met Hom"**.

Jannie Richter.

# Redaksioneel

## *Ons sê dankie:*

Met die instelling van die Paasfees kom die oproep tot die volk van God. "Hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees. Julle moet dit as fees tot eer van die Here vier" (Eks. 12:14) 'n Paar duisend jaar later vier die N.G. Gemeente Rustenburg – Suid sy 40-jarige bestaansjaar, hierdie keer met 'n wesenlike verskil. Die groot Paasfeesoffer, Jesus Christus het na hierdie wêreld gekom, om waarlik lewe en oorvloed te gee. Die Kerk van Jesus Christus deel vandag in hierdie grootse heerlikheid, dit is 'n krag van God vir elkeen wat glo. Ons mag nie swyg nie, daarom moet die basuin ook op Rustenburg geblaas word, tot eer van God en tot redding van siele. Jesus het by geleentheid van 'n groot Joodse feesviering uitgeroep: "As iemand dors het, laat Hy na My toe kom en drink. Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei." (Joh. 7:37,38) In hierdie lig word ons geroep om met oorgawe en in die krag van die Heilige Gees fees te vier, dan alleen sal die belofte van stromende lewende water 'n werklikheid bly. Daarom begeer die gemeente van Rustenburg-Suid om by hierdie mylpaal 'n fees tot eer van die Here te vier.
Ons besef die waarde en krag van 'n herdenkingsfees en beskou dit as 'n bindende krag in gemeentelike verband. Daarom ook hierdie herdenkingsblaadjie. Mag die Here dit beskik dat dit ons as groot familie gaan saambind. Dit is ook 'n beginsel wat baie sterk onder die volk van God geleef het, die wonderdade van God in die verlede moes neergeskryf word. "Daar is 'n gedenkboek voor Hom geskryf... (Maleagi 3:16). "Die verhale van vroeër en die van later is opgeteken..." (2 Kronieke 35:77)
Daar was heelwat medewerkers wat die druk van die herdenkingsblaadjie moontlik gemaak het. 'n Opregte woord van dank aan elkeen wat 'n bydrae gemaak het, maar veral aan Kitta Stassen vir die groot taak om advertensies te werf. Baie dankie aan die adverteerders, wat deur hul bydraes die finansiering hiervan moontlik gemaak het.
By hierdie mylpaal kyk die gemeente Rustenburg-Suid nie net terug nie, maar ook vorentoe, die oog gevestig op Jesus Christus. Saam het ons gewerk aan ons verlede, ryk aan avontuur, spanning, ontberings en vooruitgang. En ook onbeskryflike genade oor die afgelope 40 jaar. Mag ons altyd herinner word aan God se genadige belofte vanuit die Hemelse troonsaal: "Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde. Aan elkeen wat dors het, sal Ek te drinke gee uit die fontein met die water van die lewe, verniet. Elkeen wat die oorwinning behaal, sal dit alles kry, en Ek sal sy God wees..." (Openbaring 21:6,7)


*Die beste gehalte vleis!!!*

**MODEL**

*Slaghuis • Butchery*

**GAME SENTRUM, RUSTENBURG**

**TEL. (0142) 29012**

**(Nuwe Nr. (014) 592-9012**

AÏDA ESTABLISHED 1958

**RUSTENBURG**



*Chris en Anita Pieterse*

- Geregistreerde realtors
- Geregistreerde versekeringsmakelaars
- Gespesialiseerde boedelbeplanning

*Slegs ons vriendelikheid oortref ons diens*

**Posbus 84, Kroondal 0350**

**Tel. 21501 (w) – 92095 (n/u) – Cell. 082 933-9886**

# *40 Jaar van lief en leed, van ontwikkeling en groei*

"Hou Christus self Sy kerk in stand...?" Ja, hiervan getuig die geskiedenis dag na dag ook in ons geliefde Rustenburg-Suid gemeente. Elke keer wanneer 'n gemeente 'n besondere mylpaal bereik, onderstreep dit weer hierdie waarheid. Om na 40 jaar terug te kyk is 'n mooi geleentheid wat goeie herinneringe oproep. Maar die toekoms is altyd belangriker as die verlede. Soos elke mens 'n uiteindelike bestemming het, het die Kerk van Christus ook sy bestemming. En hierin het die gemeente sy onontkombare rol te vervul.

Ons gemeente verheug ons in ons vreugde. Ons bid dat hierdie gemeente van krag tot krag sal gaan en dat die koninkryk van God hier op voortreflike wyse gedien sal word, terwyl ons van jaar tot jaar die toekoms inbeweeg.

Ja, Christenwees raak die hele lewenspraktyk van jou menswees. Om Christen te wees beteken nie net om Sondae in die kerk te sit – en hoe baie lidmate se plek is selfs daar leeg – so af en toe huisgodsdiens en stiltetyd te hou nie, maar om jou lewe deur die liefde van Jesus Christus te laat oorheers. Liefde in God beteken tog om nie meer net aan jou eie belange te dink nie, maar om die wondergawe van lewe, wat God aan ons gee, die rykdom van mens en kind van God wees met ander te deel. Die norms waarvolgens ons moet leef, die maatstaf waaraan ons alle uitsprake moet meet, die riglyn vir 'n lewe na die voorbeeld van Jesus Christus, bly die Bybel. Dit is die enigste norm en maatstaf. Ons lewe nie net om eendag in die hemel te kom nie, ons leef ook om God nou en hier te verheerlik. Mag Hy Rustenburg-Suid Gemeente daartoe genadig wees.

Veertig jaar is 'n baie lang tydperk, maar is nie eens 'n druppel in die ewigheidsemmer nie. Kom ons benut ook die volgende 40 jaar om God te dien, sy boodskap uit te dra, Hom te loof en te eer.

Kom ons hou 1 Tess. 5:23 voor: "Mag God wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom.

Die Here het waarlik groot en wonderlike dinge gedoen sedert die beskeie beginjare. Deur die jare het Hy telkens die regte mense op die regte oomblikke voorsien en besiel om sy heerlike werk te doen. Ons bring hulde aan die nagedagtenis van leraars, kerkraadslede en gemeentelede wat nie meer daar is nie. Saam met die Psalmdigter roep ons uit:

"Loof die Here, O my siel en vergeet nie een van Sy weldade nie."

Tans belewe ons veelbewoë tye. Op die politieke en kerklike terrein is daar verandering, verdeeldheid en soms ook verbittering. Ingrypende veranderinge is besig om plaas te vind. Lang gevestigde gebruike is afgeskaf en idees oorboord gegooi. Hoe sal die toneel oor nog 40 jaar lyk? Goddank dat te midde van al die verganklike en veranderlike die ewige onveranderlike, alleenwyse God die omstandighede beheer en alles voer na 'n sinvolle volmaakte bestemming. Hy sal steeds onderneem en sy getroue getuies sal daar wees om sy heerlike werk te doen.

"Daarom is ons nie bang nie, al gee die aarde pad, al skuif die berge tot in die dieptes van die see... Die Here die Almagtige is by ons, die God van Jakob is vir ons 'n beskutting" (Psalm 46:3,8)

Kom ons dink terug, wees dankbaar vir vandag en neem deel aan môre, omdat ons een is met Christus!

**MASTER TRUCKING**

**MEUBEL- EN ALGEMENE VERVOER**



# GROETEBOODSKAP VANAF DS. EN MEV. M.W. ODENDAAL

N.G. Gemeente Rustenburg-Suid,

Ons groet u in die Naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees.

Baie geluk met die herdenking van die veertigste "geboortedag" van die gemeente.

Dit is met aangename herinneringe dat ek dikwels terugdink aan die byna tien jaar saam met u, gedurende die jare 1971-1980.

Die genade van God is soos 'n breë stroom, wat nooit leeg gedrink kan word nie. Daarom sê die Here aan Paulus: "My genade is vir jou genoeg" (2 Kor. 12:9).

Daar kom baie dae wanneer 'n gelowige nie verstaan waarom dinge so deurmekaar gaan nie. Dan kom die vraag: waarom? Dis gedurende sulke tye dat ons, ons moet herinner aan die woorde van die Here Jesus in die bo-vertrek: "Dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed; Ek het die wêreld klaar oorwin (Joh. 16:33).

Mag u in Rustenburg-Suid die Skrifwoorde telkens in herinnering roep in hierdie dag, waarin ons leef en die jare wat voorlê.

Christus is in u midde en waar Christus is, is hoop, maar ook liefde en geloof.

Mag dit met u goed gaan as 'n gemeente op die volgende skof wat vir u voorlê. Mag u die volle waarde steeds ontdek van die "gemeenskap van die heiliges." Paulus skryf iets daaroor in Kol. 3:12 en volgende verse: "Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees, ens..."

Gods rykste seën word u toegebid. Mag u geestelik van krag tot krag gaan.

# GROETEBOODSKAP VANAF DR GAVIN MEISTRE

Ons verblyf in Rustenburg-Suid staan uit soos die berge daar rondom. Daar kon ek waardevolle ondervinding wat ek in my eerste gemeente opgedoen het, inploeg sodat ek nog meer verryk anderkant kon uitkom. Daar is so baie dinge wat ons bind aan die Rustenburg-Suid, die lief en die leed van ons elke daagse bestaan. Ons kinders het hul eerste skooltreë by V astrap begin (ons betrokkenheid by Vastrap was net vreugde). Daar het Elfriede haar uitgeleef by die Vrouediens en Kinderkrans, en kon ek my musikale gawes uitleef ten opsigte van die sanggroep en orkes wat die lig gesien het. In daardie tyd het ek my doktorsgraad ontvang. Ook het ons met dissipelskapgroepies by die tieners begin. Daar het ek aan my eerste Passiespel deelgeneem, wat 'n onvergeetlike ondervinding was. In daardie tyd moes ek ook my moeder aan die dood afstaan. Ons sal nooit die ondersteuning en troos vergeet at geloofsvriende ons gebied het in tye van hartseer nie. Dit was voorwaar 'n vol vier jaar – propvol kwaliteitlewe, vriendskap en liefdesbande wat ons aan mekaar gebind het.

Daar het sovele ons paaie gekruis in daardie vier jaar – dankie aan die senior lidmate van wie ons so baie liefde ontvang het – dankie aan die jeugleiers wat saam met ons nuut gedink het oor jeugwerk – dankie aan die kinders en tieners wat jeugdig gehou het – dankie aan die kerkraad wat ons getrou ondersteun het – dankie aan dr. Jannie en Neelsie wat kosbare kollegas, vriende en bure was. Dankie vir die ruimte dat ons daar by julle maar net onsself kon wees.

Veertig jaar is voorwaar 'n mylpaal. Daar is so baie dinge waarvoor ons saam met julle die Here wil dank en loof. Mag julle die Here se leiding helder en duidelik ervaar ten opsigte van die toekomspad. Mag Rustenburg-Suid se lig onwrikbaar skyn totdat Hy kom!

Fil 4:19: "En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy oorvloedige rykdom in Christus Jesus."

Gavin, Elfriede, Charise en Lenke groet ou vriende wat ons nooit sal vergeet nie!

# *Die humor is nie uitgesluit nie...!*

Enige predikant belewe humoristies insidente gedurende sy ampsbediening. Ds. Odendaal deel 'n paar sulke komiese situasies met ons. Hy skryf vervolgens:

Daar het heelwat humoristiese insidente plaasgevind, wat 'n mens laat glimlag of lag het. Natuurlik moet 'n mens versigtig wees met die vertelling daarvan, om nie ander mense te impliseer, wat dit nie graag genoem wil hê nie.

• Een Sondagoggend kom ons terug in die konsistorie en ek kyk na Ds. Stander, die skoonvader van Ds. Jacobs wat op sy tyd 'n stormjaer in die O.B. was, en ek sê: "Sal Ds. Storm asseblief afsluit met gebed?" Onmiddellik breek daar 'n goedige gelag uit. Hy self het hartlik gelag en toe gebid.

• Een aand preek ek en onder die preek merk ek 'n dame wat heel agter in die laaste bank sit. Sy staan half op en kyk soekend deur die hele kerk. Ek kyk toe oral, maar sien niks. Meteens duik twee koppies onder die voorste bank op en loer oor die bank na hulle ma. Ek moes my preek onderbreek en sê: "Hier is u kinders," tot groot pret van die gemeente!

• Een Sondagoggend tydens die diens kom 'n hond die kerk in. Die koster was 'n kwaai omie, maar mank. Hy staan toe op en jaag die hond suksesvol uit. Net toe hy gaan sit, merk hy dat die hond weer terug is. Hy staan toe weer op en probeer die hond uitjaag. Maar teen die tyd het die hond ontdek dat die baas nie so vinnig is nie. In stede van uit te hardloop, gee hy elke keer net ver genoeg pad om buite bereik van die koster te bly. Hy gaan egter nie uit nie. Die koster bekruip hom toe en die hond geniet die speletjie baie. Ek sien toe hoe die hande opgaan na die monde, soos wat die gemeente hul lag probeer onderdruk. Ek besef toe dat dit 'n verlore stryd is en het toe maar 'n jongman gevra om hand by te sit!

Rustenburg Bed en Ontbyt

*Egte Afrikaanse gasvryheid, smaaklike ontbyt en aantreklike kamers*

**U gasheer en vrou Daan en Bets**
**Tel. (0142) 24560**

***MEUBELS*** en huishoudelike goedere.
Ons koop en verkoop goeie gehalte gebruikte en nuwe goedere. Kom besoek ons winkel vir waardevolle winskope. Ons lewer onmiddellik af.

**Die Pandwinkel in Kroepstraat**
net langs Wholesale Liquor Warehouse
**Tel. (0142) 97-4997**

# Dominees het ook hulle oomblikke van benoudheid!

***Dominee Gavin vertel hier self van so 'n (kostelike) oomblik.***

Gewoonlik is 'n dominee baie noukeurig oor alles wat hy saamvat kansel toe – wat hy in daardie diens sal benodig, die preek inkluis! Mens werk mos hard daaraan – teen die tyd dat jy opstap by die preekstoel, leef jou preek in jou hart en hoof – maar soek jy nog daardie bietjie sekuriteit van jou preekteks hier voor jou – net ingeval jy êrens die draad verloor. 'n Mens maak mos voorsiening vir die swakheid van die menslike vlees.

Daardie besondere Sondagoggend is dit toe doop – ek het 'n dooppreek voorberei vir die geleentheid. Ons het klaar die loflied gesing, die wet aangehoor, skuldbelydenis gedoen en is nou besig met die geloofsbelydenis. My hande vroetel om my preekteks nader te bring – gereed vir aksie – maar, o wee, daar is nie 'n preek nie. Ek soek en ek vroetel en ek kyk rond, maar daar is niks! My hart gee so 'n sprong en ek voel hoe trek 'n koue skokgevoel deur my lyf. Ek kyk na die mense voor my en ek besef – nou sal ek iets moet doen. Hulle het gekom vir 'n preek! Ek probeer om so kalm moontlik te lyk – praat hard met myself – die Here sal jou bystaan en jou help. Hy gee mos uitkoms wanneer mense dit nodig het! Vinnig blits dit deur my gedagtes: Moet ek vir Elfriede wink om kansel toe te kom, haar huistoe stuur om die preek te gaan haal – sal sy nie te lank neem nie? Moet ek die gemeente nog 'n paar liedere laat sing en maar net sê wat gaan aan en dan die preek self gaan haal...?

Ons het nog 'n lied gesing na die geloofsbelydenis, ek het gebid – ek ontvang kalmte en rustigheid wat God alleen kan gee – en besluit toe ek gaan met die gemeente praat oor die doop – spontaan uit die hart. En daar trek ek weg – en een woord lei na die volgende. Ek het besef ek hoef nie bang te wees nie – die Here ondersteun my en gee my die woorde. Dit was vir my persoonlik geloofsoorwinning!!

Toe ek na die tyd vir 'n paar mense vertel van my ervaring op die preekstoel, het nie een van hulle my geskarrel op die preekstoel agtergekom nie. Hulle het maar net gesê: "Ds. jy moet meermale jou preek by die huis vergeet!"

# Kerkraad 1998



Agtrer v.l.n.r.: Piet Eybers, Koos van Niekerk, Coenie Botha, Johan Odendaal, Amanda Stols, Pieter Cornelius, Ben Schoeman en Emil Lotz.
2de ry v.l.n.r.: Suzette Botha, Bets en Daan Hattingh, Gawie Coetzer, Rassie Erasmus en Marie Jacobs.
3de ry v.l.n.r.: Netta Bruinette, Charlotte Odendaal, Hetta Holmes, Neelsie Kirsten, Marina Hamilton, Lenie van Zyl, Ria Jansen en Magda van Niekerk.
Voorste ry: Wimpie en Marietjie Richter, Dr. Jannie Richter, Kitta Stassen, Jeanette en Carel van Heerden.

## NED. GEREF. GEMEENTE RUSTENBURG-SUID

**ARGITEKTE:**
Otto Verhoef en Vennote

**BOUER:**
Vic Behrens

**DATUM VAN INGEBRUIKNEMING VAN KERKGEBOU:**
6 Augustus 1960

**HUIDIGE LERAAR:**
Dr. J.G.M. Richter
1980 tot nou

**EERSTE LERAAR:**
Ds. G. Reynecke
1958–1962

**LERAARS DAARNA:**
Ds. J.J. De Klerk (†)
1962–1966

Ds. D.S. Jacobs (†)
1967–1980

Ds. M.W. Odendaal
1971–1980

Ds. C.J.P. Le Roux
1981–1989

Dr. G. Meistre
1990–1994

Ds. N.J. Prinsloo
1997–1998

**EERSTE KOSTER:**
P.J. van Staden


**EERSTE SKRIBA:**
P. Pieterse

*Rydos Konstruksie Bk.*
**Eiendomsontwikkelaar en bouaannemer**
**Kerkstraat 241, Rustenburg 0299**
**Tel. (0142) 97-1775 – Sel. 082 455-7515**
*Skakel vir gratis kwotasie*

**JAN STEENEKAMP**
Vir **AL** u finansiële beplanning
● Beleggings ● Versekering
● Effekte trust ● Belasting advies
**Tel. (0142) 23160 Kantoor**
**Nuwe Tel. (014) 597-3160 – Cell. 083 700-8317**

★ ★ *Inwydingsprogram* ★ ★

Gaan deur sy poorte in met lof,
Met lofsang in sy tempelhof;
Kom in sy huis, o bondsvolk, saam
Verhef sy lof en prys sy Naam.



Nederduitse Gereformeerde Kerk, Rustenburg-Suid

**Saterdag en Sondag, 19 en 20 November 1960**

## WYDINGSDIENS

SATERDAG 19 NOVEMBER, 3 NM.

1. *GEMEENTE VERGADER VOOR DIE HOOFINGANG.*
2. *LOFSANG — Ps. 146 : 1.*
3. *GEBED — Ds. G. Horn.*
4. *KORT WOORD — Sy Edele die Burgemeester, Raadslid F. P. van der Merwe.*
5. *OORHANDIGING VAN GEBOU — Bouheer Mnr. Vic Behrens.*
6. *OORHANDIGING VAN SLEUTEL — Argitek Mnr. Otto Verhoef.*
7. *BEDANKINGS.*
8. *ONTSLUITING VAN DEUR — Mevr. Ds. G. Reyneke.*
9. *GEMEENTE GAAN BINNE EN NEEM PLEK IN.*
10. *VOTUM.*
11. *GEMEENTESANG — Ps. 100.*
12. *OORHANDIGING VAN KANSELBYBEL — Oudl. B. C. Greyvenstein.*
13. *SKRIFLESING — Ds. J. A. H. Crous (Konsulent).*
14. *WYDINGSGEBED — Ds. J. L. Reyneke.*
15. *KOORSANG — „Loof God".*
16. *WYDINGSBOODSKAP — Ds. J. M. Benadé.*
17. *SOLOSANG — Mev. S. Gericke.*
18. *DANKGEBED — Ds. J. M. Benadé.*
19. *GELUKWENSING:*
    a. *Namens Ring van Rustenburg — Ds. J. A. H. Crous.*
    b. *Namens Gereformeerde Kerk — Ds. P. J. Venter.*
    c. *Namens Ned. Hervormde Kerk — Ds. Mans.*
20. *GEMEENTESANG — Ges. 154.*
21. *SEËNBEDE.*

*— KOLLEKTE VIR BOUFONDS BY DIE DEURE —*

# *Geskiedenis van Rustenburg-Suid*

DIE kerkraad van Rustenburg-Moedergemeente besluit aanvanklik dat afstigting nodig geword het aangesien die dorp uitgebrei het vanweë die bedrywighede van die Platina Myne. Die myne beleef egter verskeie terugslae a.g.v wêreldpryse van Platina. Min of geen aanvraag na Platina op die wêreldmarkte veroorsaak dat baie mense wegtrek en dan weer later terugkeer. Die getalle van die Moedergemeente se lidmate en die van die nuwe gemeente het baie gewissel en afstigting vertraag. Die gemeente stig af op 28 November 1958.

Ds. G. Reynecke is as eerste leraar beroep en hy was haastig. Hy het dadelik met die kerkraad besin oor 'n kerkgebou, aangesien eredienste in die skoolsaal van Rustenburg Hoërskool gehou is. Die wisseling van die mark van Platina het weer 'n invloed op die grootte van die kerkgebou gehad. Die konsep-plan van die kerkgebou was aanvanklik groter as die huidige. Die kerkraad besluit om egter die versigtige weg te volg. Die argitekte stel toe voor dat die struktuur dieselfde bly maar dat die plan (as't ware) 'n gedeelte in die middel uitgesny en die twee dele dan weer teenmekaar "druk". Dit is toe so gedoen.

Die gehalte van die grond is getoets en beind dat dit leemgrond is en dat die gebou eintlik op sementpilare diep in die grond (ongeveer 20 m) gebou moet word. Die gebou rus dus op sement pilare.

Met die inwyding het die leraar melding gemaak van die simboliek van die gebou. Die klippe in die mure sou die "boustene" wees waarvan die Bybel praat, die lampskerms wat van die dak afhang, "druppels van seën". Die kansel sou die vorm aanneem van 'n omgekeerde eierkelk. Die symure is van klip gebou. Die gebou sou skuifdeur hê wat die portaal afsluit. Met inwyding is gevind dat daar 'n kol erens in die middelblok is waar die akoestiek swak is. 'n Klankdeskundige het voorgestel dat daar gaatjies in die skuifdeur geboor moet word wat dan die akoestiek sou verbeter. Dit is gedoen, maar het nie 'n noemenswaardige verskil aan die probleem gemaak nie.

Die bedrading vir die toekomstige luidsprekers en gehoortoestelle is in die mure ingebou, maar die drade is per abuis beskadig en dit kon toe nie vir die doel aangewend word nie. Verskeie lidmate het ook hand bygesit soos met die lê van die matte.

Die gebou was later te klen en die twee vleuels is aangebou. 'n Hele paar kontrakteurs is genader en aanvanklik het niemand kans gesien daarvoor nie, maar dit is later gedoen. Die huidige kerkgebou is in die vorm van 'n kruis gebou.


**BERNINA**

SAAM SAL ONS DIT MAAK


**Pleinstraat 144, RUSTENBURG**
**Posbus 2493 – Tel. 25667/8**

*VIR VERKOPE EN DIENS*

# INWYDING VAN DIE ORREL
**SATERDAG 19 NOVEMBER OM 7.30 N.M.**

## INWYDING VAN DIE ORREL

SATERDAG 19 NOVEMBER 7.30 NM.



„Sing nuwe sange nuutgebore,
Uit aandril van die skoonste kuns,
Trompetgeklank deur tempelkore,
Moet danksê vir Gods nuwe guns."

1. VERWELKOMING.
2. VOTUM.
3. GEMEENTESANG.
4. OORHANDIGING VAN SLEUTEL NAMENS ORRELBOUERS.
5. SKRIFLESING — Ds. G. A. J. Jacobs.
6. GEBED, VOORBEREIDINGS EN WYDINGSBOODSKAP — Ds. J. J. de Klerk.
7. VOORSTELLING VAN NUWE LIDMATE — Ds. G. Reyneke.

### ORRELUITVOERING

*Orrelsolo* — *Voorspel uit Sonata F. Mol.* ..... *Rheinberger.*
*Sopraansolo* — *Mein glaüigis Hertze* ..... *Bach.*
*Baritonsolo* — *Hoe lieflik is U Woning.*
*Kerkkoor* — *Ges. 154.*
*Gemeentesang* — *Ps. 33.*

*KOLLEKTE TEN BEHOEWE VAN ORRELFONDS.*

*Orrelsolo* — *Koraalvoorspel „God het ek lief" Ps. 116* ..... *Ds. W. Söhnge.*
*Sopraansolo* — *Halleluja* ..... *Mozart.*
*Orrelsolo* — *a. Benedictus* ..... *Rost.*
*b. Kort Koraalvoorspel, Ges. 17* ..... *Ds. W. Söhnge.*
*Baritonsolo* — *Waar U Mag Gaan.*
*Orrelsolo* — *Grootkoor* ..... *Spence.*

*Orrelsolos* ..... *Ds. W. Söhnge.*
*Sangsolos* ..... *Mevr. Dr. Smal.*
*Baritonsolos* ..... *Ds. J. P. Roux.*

*BEDANKINGS.*
*SLOTSANG.*
*SEENBEDE.*

# Voorstelling van Eerste Nuwe Lidmate N.G. Gemeente: Rustenburg-Suid – 31-10-'59




Voorste ry: M. Beukes, P.J. Breet, Ds. G. Reyneke, S. Janse van Rensburg, M.D.M. Pieterse.
Agterste ry: Oudl. A.J. Els, D.S. van der Merwe, G.A. Vermaak, C.A. Pretorius, Oudl. N.J. Vermaak

**Hierdie bladsy is geborg deur Manie en Ronel Wessels van M & J Motors**

# EERSTE KERKRAAD

## ITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE RUSTENBURG-SUID – 1959



.D. Geldenhuys, J.H. Botha, W.F. Breet, F. Weideman, A.J. Els, Ds. G. Reyneke, B.C. Greyvenstein, J.P. Bosman, .M. Kruger, J.L. Pieterse.
.C. Robinson, J.A. Beukes, A.M. Groenewald, J.J. Pieterse, J. Kirsten, D.J.R. Hattingh, L.J. Labuschagne, F.E. Marx, .J. Holmes, J.A. Haywood, D.S. van der Merwe, H. Robinson.
.J. Botha, A. Hartman, N.F. Pretorius, G.C. Linde, R.H. Daneel, W. de Lange, P.J. van Staden, S.J. Loubser, J.N. Pieterse, .H. Groenewald, W.A. Landman, N.J. Vermaak.

treep is, is nog steeds lidmate in ons gemeente.

# ATKISANTE VAN N.G. GEMEENTE RUSTENBURG-SUID – APRIL 1963



eedt, F. le Roux, J. Grobler, C. Breedt, P. Bosman, C. Swanepoel, T. Botha, M. Otto, E. Palmer, C. Fouché.
gies, oudl. P. van Staden, M. van Staden, R. Stander, P. Kotze, Ds. J.J. de Klerk, W. Kotze, H. Alberts, M. Maloney, a, oudl. N. Niederheitman.

**Hierdie bladsy is geborg deur Carel en Jeanette van Heerden**

# NG RUSTENBURG-SUID in Beeld




Op die vooraand van my belydenisaflegging:

Hierdie besondere gebeurtenis in my lewe sal sekerlik altyd nog meer betekenis dra, omdat dit saam met die viering van die 40-jarige bestaan van ons gemeente, val. Ons beskou onsself as 'n uitverkore groep, omdat dit ons so tref!
Uitverkore ja, dit laat my dink... Ek het so pas weer onder die besef gekom, van hoe gelukkig ek is, om te besef dat ek 'n uitverkorene vir Jesus Christus is. Danksy my ouers, wat hulle doopbelofte getrou nagekom en my in die leer van Ons Vader opgevoed het. 'n Sondagskool wat hierdie opvoeding gestaaf het, en veral my finale jaar as katkisant in Ds Jannie se klas, wat nog onverstaanbare dinge opgeklaar het, kan ek vandag sê, dat ek gereed is om as volwaardige lidmaat in Jesus se kerk op aarde, ogeneem te word.
Nou besef ek eers hoe 'n belangrike rol die kerk in ons lewens speel. Ek vertrou dat ek in die toekoms nog baie geestelike groei in die kerk kan ervaar, deur self van nouaf te gee en nie net te ontvang nie.
Baie dankie aan die wonderlike geleenthede wat Suid se gemeente aan die jeug bied om ons geestelik weerbaar te maak. Mag hierdie gemeente net van krag tot krag voortbou op die fondamente van 'n sterk verlede!

"Finale jaartjie"-Gr. 11

Raai hoeveel word die kerk. Hy word 40 jaar oud binnekort. Dan gaan daar 'n verjaarsdag wees. Dan moet julle almal daar wees. Ons gaan lekker sing Sondag. Dan gaan daar eetgoed ook wees. Kom, dit gaan lekker wees. Daar gaan kinders, oumas, oupas, mammas en pappas wees. Daar gaan baie mense wees. Vir almal gaan daar baie pret wees.

Pieter Labuschagne Gr. 4




*Ons hou deurnag by die kinderkrans, maar die slaap het ons gevang*



*Almal het saam aan hierdie Hansie en Grietjie-huis gebou en ge-eet*



*Waterpret by die Kinderkrans*



*Ons loof die Here*



*Kinderkrans: sekerlik 'n rekord?*
*'n Ouma stuur 6 van haar kleinkinders*




*Ons snr kamp by Eduland was nat en lekker*



*Water is 'n bron van groot vreugde*



*Oom Louis Kloppers*


Weet julle wat? Oor twee weke verjaar ons kerk! Kan julle raai hoeveel hy word? Kom ek sê julle: 40 jaar. Dit is miskien ouer as van julle ouers. Ons het baie pret en leer baie. Ons bak en brou al te lekker. Voor Sondag skool sing ons lekker lofliedere aan die HERE, na die gesingery beweeg ons na ons klasse. Ons gaan baie kere op 'n kamp, en het lekker pret bv. smeer mekaar met tandepasta sing en speel die hele nag deur en gaan slaap eers 3 uur die oggend. Julle is enige tyd welkom om ons kerk by te woon.

Janie Papendorf. Gr. 4



*Bazaar*

Dit is baie lekker by die Kinderkrans en ek geniet dit daar. Ek wil net sê baie baie geluk met julle verjaarsdag. Dit is ook baie lekker by die Sondag skool. Ek wil net baie dankie vir dominee Jannie sê en dat ek dit baie in die kerk geniet. Ek sê baie baie geluk.
Suzette Fick
Graad 4.



*'n Dominee wat aktief betrokke was by gemeentep*



*Ons beurt in die helikopter is waar*



*Die bruid en bruidegom met hulle gevolg*



urray Janson besoek ons kerkraad



Die kinderkranstannies hou konsert



Die tydhouers tydens speletjies by Eduland



s kantoorpersoneel
nnie Hetta ('n stigterslid)
Linda Grobler

**ONS KERK** – Janine Marais Gr 6

Ons kerk is N.G. Rustenburg-Suid. Die kerk is regtig puik. Ons het koffiekroeg op Sondae aande en afsluitingspartytjies deur die maande. Ook lekker pretdae uit na Hartebeespoortdam. Ons help graag die arm mense deur vir hulle sakke vol kos bymekaar te maak. Ons kerk is groot, mooi en baie hoog. Ek is bly om in so 'n kerk te wees. O...ja, gedurende die kwartaal is daar Kinderkrans en ook oor naweke, dan deurnag net die jeug. Daar is jeugkampe en ook 'n Klub 4,5, Ons geniet ons kerk, kom ook en geniet dit saammet ons.






Gr. 5 en hulle leiers

**ONS KERK** – Axzandrie Ferreira Gr 5

Ons kerk N.G. Suid is die beste in die Hele Noord-Weste!!
Oulike dominees wat omgee en leer. Daar is baie pret en plesier vir Kinderkranskinders.
Uitstappies en kampe wat ons vul met vreugde en liefde. Vir oud en jonk bied N.G. Suid 'n plek om te leef vir Jesus!

Michael Rossi sê Sondagsport is verkeerd, want as daar 'n belangrike rugby- of krieket wedstryd gespeel word, dan bly mense mos voor die kassie in plaas van om kerk toe te gaan. Sport kan maar gerus op 'n Maandag of Saterdag gespeel word!

Maretha Muller voel ook so. 'n Mens moet eers kerk toe gaan en dan jou sport gaan kyk op die televisie. Pasop dat jou televisie jou nie uit die kerk hou nie. Dit is vir haar ook nie aanvaarbaar dat mense net uit die kerk kom en dan so te kere gaan voor die televisie nie!
Stop liewers Sondagsport, sodat dit 'n rustige gesinsdag kan wees.



Oom Swanie en sy span – faktotum

**Hierdie bladsy is geborg deur Dr. Dries van Wyk – Chirurg**

**Sondagskool**

As 'n mens aan "Kerk" dink, sien jy dadelik in jou geestesoog die hoë gebou. Die pragtige gekleurde vensters. Die statige hout deure. Die groot toring met die groot klok wat Sondag na Sondag lui met 'n stem wat amper sê "kom kerk toe. kom kerk toe." Net soos wat die begrip "Kerk" so oud soos die berge is, solank bestaan Sondagskool al. Vra maar al ons bejaarde lidmate met hul gryse krone. Die staaltjies wat hulle vertel rondom hul ondeundheid (ek weier om die woord stout te gebruik want 'n mens is mos nie stout by die kerk nie) kan jou lagspiere vir ure lank prikkel.

Die Kerk en die Sondagskool is een. Die Kerk het nog altyd 'n spesiale plek en tyd vir sy kinders gehad. En dit is nou die Sondagskool. Ons ouers se doopbelofte lui dan ook so, "Belowe u en neem u, u voor om hierdie kind waarvan u die vader/of moeder is, wanneer hy/sy dit kan verstaan, in die genoemde leër na u vermoë te onderrig **en te laat onderrig**? – dit is nou die Sondagskool.

Ek dink God is baie slim, want dit kan net hy wees wat elke Sondagskool juffrou of meneer spesiaal uitkies vir 'n sekere standerd of ouderdom. Want vandat ek in die voorskool se klassie was is elke juffrou net die regte een, 'n Sondagskool juffrou is so sag, sy kan haar arms so liefdevol om jou klein lyfie sit dat jy elke slag van haar warm hart teen jou kan voel klop.

Dan praat ek nie eers van die lekker peppermentjies wat sy uit haar handsak haal, om ons raasbekkies te gee sodat sy net gou haar register in vrede kan invul. Dan kom jy weer die volgende jaar by 'n juffrou wat so pas in haar matriek jaar is.


Dit is nou 'n wonderlike ding wat met jou kan gebeur. Jy kan net aan haar lippe hang omdat sy so mooi is. Dit is asof die welbekende Bybelverhale net vir jou meer betekenis kry. En die begrip wat sy openbaar en die vergifnis daarmee saam as jy nie jou huiswerk gedoen het nie is ongelooflik, want sy verstaan regtig as jy meer gesosialiseer het as wat nodig was. Hoe ouer jy word hoe lekkerder word dit by die Sondagskool. Dit is ook nou 'n ideale plek om jou "cool Wardrobe" ten toon te stel en joumaats s'n te bewonder en 'n paar nuwe idees te in vir wanneer jy en ma weer winkels toe gaan. Dan praat ek ook nie eers van die lekker kuiers onder die bome nie. Vir al hierdie lekkerty word jy dan ook beloon met 'n pragtige seël vir jou sertifikaat. Ek is nog net in my vyfde jaar Sondagskool maar ek wil graag sê "Dankie liewe Here vir dit wat was en vir dit wat nog gaan kom!"

Cornelia Pieterse Gr. 4






Kinderkransleidsters, kuier lekker saam



Die dag toe Jakaranda Kinderhuis kom kuier het, het ons baie geleer




'n Bakkie vrag vol vir Jakaranda Kinderhuis



Macerena



God hou van die hele wêreld se kinders



Die Graad 4's hou 'n Bybelse ete


In hierdie kerk leer ons baie dinge van die Bybel. Ons is afhanklik van die Here en daarom gaan ons kerk toe om van Sy Woord te leer. Die N.G. kerk het ook 'n kinderkrans waar allerande speletjies soos worsbraaie, glip en gly, plekke en oumense besoek, swem ens. Die kinderkerk het ook op sy jaareinde vir 1998 gekom en dit was 'n fees gewees. Daar is 'n nuwe Jeugsangbundel 2 uit waaruit ons mooie liedere sing. Die N.G. kerk beteken vir my baie. Wessel Oosthuizen Gr. 4




Baie geluk met N.G. Kerk-Suid se 40ste bestaansjaar!

In November 1955 is N.G. Kerk-Suid gestig. En deur die jare het die kerk uit krag tot krag gegroei.

Vandag bied die Kerk Sondagskool vir die kinders vanaf graad 1 tot graad 11. En danksy baie vriendlike Jannies is daar elke Sondag in kerk tyd kinderkerk vir kinders van voorskool tot en met graad 3. En baie dankie vir Jannie Linda wat in die kerk kantoor werk saam met die ander Jannies wat hulle Woensdag middae opoffer om die Kinderkraans aan te bied. Ons Sondagskool bied ook heerlike naweek kampe, en dag uitstappies aan.



ONS KERK – Liezel Heyneke

Ons kerk is vol pret en plesier. Daar is baie om te doen. Daar is kinderkerk. Sondagskool, feeste, Kinderkrans en nog baie meer. Ds. Jannie leer ons baie van die Bybel uit sy Bybel. Hy sê die Boodskap trek die kinders aan, maar ek dink dit is ook die pret. Almal wat ek ken geniet ons kerk en sê die kerk is vol vreugde!

Ons sê baie dankie aan almal wat die vreugde en pret in ons kerk moontlik maak. Hoop die kerk is nog oor 40 jaar daar!!

**Hierdie bladsy is geborg deur Jasper en Ronel Lochner**

# ...n en om die erediens




*Eerste Nagmaal vir die belydende lidmate*



*Ons herbevestig ons geloof*



*Die erediens word met musiek verryk*



*...ord maak die verskil ...ussen Lewe en Dood*


**DE WET DE VILLIERS**
**MAKELAARS / BROKERS**
STEENSTRAAT 30 STEEN STREET
✉ 3512 RUSTENBURG 0300
☎ (0142) 21263 – FAX (0142) 971276

**KORTTERMYN/SHORTTERM**
JM de Wet — A Schelhase
JR King — CF Schlotfeldt

**FINANSIËLE DIENSTE/FINANCIAL SERVICES**
SJ Kruger — CPJ Serfontein
JF Roode — HP Roesch




...VILLIERS ...BROKERS ...TEEN STREET ...BURG 0300 ...(0142) 971276
...SIËLE DIENSTE/FINANCIAL SERVICES ...ger CPJ Serfontein ...ode HP Roesch
...EMEENTE RUSTENBURG-SUID
...diens

# *Opening van ons nuwe koffiekroeg op 15 Februarie 1998*




*Inwyding van die Koffiekroeg*








*Almal was daar, met die inwyding van die Koffiekroeg*

**Hierdie bladsy is geborg deur André en Nellie Burger**

# Die gemeente se staatmaker-vrouediens



Arina de Wit en Neelsie



Potjiekos vir honderde




Kerssang deur die gemeente agter op 'n trok



Iets te eten


Heeltyd speeltyd
KLEUTERSKOOL
h/v Sand- en Joubertstraat
Kom besoek ons gerus. **Tel. (0142) 21938**
**Vanaf ouderdom:** 18 maande tot Graad 0



Profbou Konstruksie

**CHRISTO PRETORIUS**
*Nuwe huise. Bou en Breekwerk,*
*Akuminium rame. Plaveisel en tuinmure,*
*Braaiers en kaggels, ens.*
**Derdelaan 14, Rustenburg 0299**
**Tel. (0142) 21158 – Sel. 082 856-1673**




Kerssang in die strate van Rustenburg

# By die Wieg van die Gemeente

Daan en Bets Hattingh is van die geseënde huisgesinne, wat al 40 jaar deel van Rustenburg-Suid se gemeente is. Bets is aan die woord:

1. **Eerste koster:**
   Dit was Piet van Staden, toe daar nog in die Hoërskool se saal kerk gehou is.
   Later neem Piet Erasmus oor. Sy vrou, Lizzie, het eintlik die werk gedoen. Sy was egter baie gesteld op die netheid van die kerk en as die portaal Sondae vol konfetti gestrooi was, dan het almal deurgeloop - selfs die predikant!

2. **Die eerste Sondagskool:**
   Niël Vermaak was die eerste Katkisasiemeester en ook Onderhoof. Mej. Genade was die eerste sekretaresse. Sy word later skoolhoof van Laerskool Vastrap. Sy word opgevolg deur Oom Robbie Robinson en sy vrou, Dina.

3. **Die eerste skriba** was Piet Pieterse.

4. Dit was 'n wonderlike voorreg om saam met Ds. Reynecke (Voorsitter) en Mnr. Katske (die eerste hoof), op die Beheerliggaam van Hoërskool Bergsig te dien. Dit was in die jaar 1960-1961.

5. Ds. Reynecke was bekend daarvoor om baie, baie kort te preek. Meeste van die tyd vir slegs "n halfuur!

6. **Die eerste orreliste** was Mev Reynecke.

7. Ds. de Klerk se vrou was baie bekend vir koorafrigting.

Tannie Bets vertel verder:
Ons eerste pastoriepaar was Ds. Gideon en Mev Ina Reynecke. Die eerste pastorie, wat deel was van ons bruidskat van Moedergemeente, was geleë te Boshoffstraat 58.
Dit was 'n groot opgewondenheid om hulle te ontvang en te verwelkom. Ons susters het hulle trek ontvang en uitgepak. Van oral het bydraes gekom om hulle spens vol te maak. Blommerangskikkings in die huis het ook verwelkom gesë. Motors vol kerkraadslede het hulle tegemoet gery en hulle begelei tot by die pastorie. Alle etes vir die naweek is voorsien deur ons susters. Mev Reynecke se ouers het die heuglike gebeurtenis mee gemaak en natuurlik hul dogters Jacqueline en Magde-Marie.

Ds. Reynecke was 'n persoon wat nie lank gepreek het nie. Die ander gemeentes het gespot dat Rustenburg-Suid kwart voor elf al tee drink. Destyds is tee nie by die kerk bedien nie, maar lidmate het oor en weer gekuier.

Ds. Reyncecke was 'n mensmens, wat nóú saam met sy gemeente geleef het. Huisbesoek was sy sterk punt en die kerk was gereeld vol.

Die samehorigheid van daardie jare was iets besonders. Wyle Bokkie Holmes, Tannie Hetta se man, het kollektebordjies, wat ons nou nog gebruik, op sy draaibank gemaak. 'n Nagmaalstafeldoek is blokkie vir blokkie deur die susters geborduur.

Tydens Ds. Reynecke se bediening is ons kerkgebou voltooi. Met die inwyding van die kerk het Mev Reynecke die deur oopgesluit met die woorde van Paulus in Romeine 11: 33-36: "O, diepte van rykdom en wysheid en kennis van God. Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë." Op hierdie wyse het, wat net nog 'n gebou was, die huis van God geword, waarin ons Hom kan aanbid.

Op 'n Sondagmiddag om drie uur het Ds. Reynecke sy afskeidspreek gelewer, met o.a. hierdie woorde: Ek groet my kansel, waar ek die evangelie suiwer aan u gebring het." Daarna het hy elke lidmaat met 'n handdruk gegroet. Trane het vryelik gevloei, want hulle was 'n geliefde pastoriepaar.

# Ons eerste Kerkkonsert

Bets vertel ook graag van hierdie gebeurtenis:

Net nadat ons afgestig het van Moedergemeente, was almal bedrywig in die gemeente. Vol entoesiasme en ywer het ons susters net fondsinsameling vir die kerkorrel, in ons koppe gehad. Die besluit val toe op 'n verskeidenheidskonsert en ons is so gelukkig dat Johan Ferreira, broer van Jurie Ferreira, lidmaat van ons nuutgestigde gemeente is. Jurie was destyds 'n uiters gewilde sanger onder die publiek en hier is nou 'n geleentheid om hom gratis ten bate van ons fondse aan te wend.

Ons was so ruimharig dat elke potensiële kunstenaar uitgenooi is om deel te neem. Die openingsitem was wyle Oom Gys Fourie met sy mannekoor, almal streng enkel Gereformeerde manne wat Psalm 68 sing. Baie mooi gepas vir 'n kerkkonsert.

Ander items volg en dit verloop klopdisselboom! Nou die hoofdis van die aand: JURIE!

Ons het vir Johan, sy broer, bearbei, dat Jurie meer ballades sal sing. Rustenburg Laerskool se saal is gepak, ver bo alle verwagtinge in! Toe Jurie begin sing is daar 'n verrassende applous. Snaaks genoeg, verlaat 'n paar onbekende mans die saal, net om 'n kwartier later by Jurie op die verhoog aan te sluit. Nou is hulle gewapen met konsertinas en kitare. Hulle is toe al die tyd oud-orkeslede van Jurie, van wie se bestaan ons onbewus was. Toe kry hierdie konsert momentum en Ps. 68 lê toe vêr, verlep en vaal, teen hierdie nuwe wending!

'n Paar van ons "vrome" vroue ruk toe op na agter die verhoog, in die hoop om hierdie "paartie" te stop, maar tevergeefs! Dis deurdruk 12-uur toe nou. Hoe meer gebare ons maak van "stop nou", hoe hoër draai die konsertina. Ons sweet van benoudheid, en die orkes van fisiese inspanning! Ons het in die voorhuis begin konsert hou en agter die ou kraalmuur geëindig. Toe die konsert uitendelik afgehandel is, straal die grootste groep gesigte. Die dames wat 'n klassieke klavier-duet bygedra het se enigste kommer was: "Dit het 'n bietjie lank aangehou!"

Al het dit sielswroegend gegaan kon ons 'n paar pond ten bate van die orrelfonds inbetaal by die eerste skriba van ons kerk, Piet Pieterse.


**Rietvlei Voerkrale**

**5de Laan 9, Cashan**

**Posbus 345, Rustenburg 0300**

**Tel. (0142) 27059 (huis); (0142) 97-2313 (voerkrale)**

**(0142) 32683 (Stephan) - Faks (0142) 27059**

**ONS VERLANG:** Goeie voerbeeste wat speenkalwers en slagbeeste insluit teen kompeterende pryse.

**ONS LEWER:** Besondere kwaliteit slagbeeste aan Groot- en Kleinhandel.

**TUINIERS:** Verhoog u tuin en grasperke se groeipotensiaal met goedgeswete kraalmis. Kom laai self of skakel vir aflewering.

**Hierdie bladsy is geborg deur Pieter Cornelius – Oogkundige – Winkel 52, Waterfall Mall – Tel. 537-3606**

# Kleurvolle Karakters

Tannie Bets vertel ook dat twee kleurryke individualiste wat lidmate van ons gemeente was, Oom Zaag en Tante Kate Celliers was. Albei was gebore in die vorige eeu. Hulle was bekend vir hulle losieshuis, "Celliers se Losieshuis" in Van Alphenstraat. Die besigheid het hulle vir baie jare bedryf. Oom Zaag het die kokwerk gedoen by die losieshuis (ook eers uitgevind na sy dood) en Tant Kate was 'n onderwyseres by Rustenburg Laerskool.

Tant Kate het in die Kaap groot geword en studeer. Sy was 'n nooi Barnard met 'n lang, dik bos hare. Die hare het sy nooit afgesny nie.

Oom Zaag het in Rustenburg distrik groot geword en het trots gesê: "Ek het net Standard 4!" Met sy St. 4 was hy 'n goeie suksesvolle sakeman. Hy het ook baie groente suksesvol verbou vir die losieshuis.

Oom Zaag kon nie vrede maak met die "ou Kaap" nie. Alle weersveranderinge was die "ou Kaap" se skuld. Veral gedurende die sestigerjare se droogtes was dit die "ou Kaap", wat die blaam moes dra en het hy menigmaal gewens, hy kon die Kaap omswaai.

Oom Zaag is op hoë leeftyd verkies tot ouderling en het hierdie roeping ernstig opgeneem.

Die Celliers-egpaar het 'n oop hand gehad vir die kerk. Die preekstoel was 'n geskenk van hulle. Die klankbord wat hy ook later geskenk het was egter vir hom 'n teleurstelling, want hy lewer as volg kommentaar: "Hier gee ek nou geld vir 'n klankbord en wat sit hulle op? - 'n Ornament! (soos in Engels uitgespreek!)

Die twee mense het vir 'n hele aantal jare die verantwoordelikheid op hulle geneem om pannekoeke te bak, om fondse in te samel. Tant Kate het bestellings geneem, gewoonlik by besighede en skole. Ons susters het dan saam met hulle in die ou gholfklub se kombuis gaan bak. "Oom Zagie" soos Tant Kate hom genoem het, het dan gaan aflewer. Baie stene van ons kerkgebou is betaal met pannekoeke.

Oom Zaag het voorspel: "Eendag as dit baie reën sal ons kerkgebou oorspoel word." Gelukkig is die voorspelling na baie jare nog nie bewaarheid nie. Hy het sterk gekla as 'n predikant sou preek dat dans sonde is. Die egpaar was kinderloos maar het 'n wye vriendekring gehad. Ek mis hul "andersheid", waar ons almal baie eenders is. Ons eer hul nagedagtenis!



*Netta Bruinette se huwelik was een van die vroegstes wat in ons kerkgebou bevestig word*


**Du Plessis Loodgieters**




**Tel. 592-7430 vanaf Des.**
**Tel. 27430 – Sel. 083 277-0455**
**Maraisstr. 36, Rustenburg**

Spesialiseer in: Nuwe installasies • Giesers • Dak lek en verstopte riool • Geute en afleipype
Kontak: **Cules du Plessis**

**Ou Kaalvoet!**

Ons het GREEN + GROSS skoene vir elke soort voet en geleentheid.
**Somerreeks nou beskikbaar! Baie sandale!**



**LOOCK APTEEK**
**Boland Bank gebou**
**Kerkstraat 125, Rustenburg**
**10% Kontant afslag**
**Tel. (59) 20747/8 – (59) 29392**
**(59) 29380 – (59) vanaf 5/12/'98**

**i Care**
**Oogkundige en Kontaklenspraktisyn**
**Optometrist and Contact Lens Practitioners**

30 Heystek St. 30
Cnr. Smit & Heystek
Rustenburg
Tel. (0142) 25788, 20651/2, 29630
Faks/Fax (0142) 27784

**BARRY J. VAN DER VYVER** F.O.A. (S.A.) Dip. Optom. (S.A.) C.A.S. (U.S.A.)
**KOBUS J. SIEMENS** F.O.A. (S.A.) Dip. Optom. S.A.

*F & B Upholsterers*
P.O. Box 1822
Smitstraat 146,
Rustenburg 0300
*Spesialiste in Meubel- en Motorstoffering*
*Specialists in Upholstery and Car Trimmings*
Tel. 97-1294 – Fax 22862 – Cell. 082 924-3671
After c/O: Tel. 597-1294 – Fax 592-2862

Wildesering Gastehuis
6de Laan 15, Rustenburg
Tel. 22875 – Sel. 083 229-3189



## DAWID, DIE HERDERSEUN

'n Groot hoogtepunt tydens wyle Dr Mias en Mev Minnie de Klerk, ons tweede pastoriepaar, se bediening, was die opvoering van die oratorio "Dawid, die Herderseun", geskryf en getoonset deur F. Root. Mev de Klerk het die inisiatief geneem om hierdie groot en grootste werk aan te pak. Sy het die koor afgerig, solo rolle en alle karakters uitgesoek en afgerig.

Weer eens het al die susterskerke saam gewerk. Wyle Boet van Wyk van Boekenhoutfontein, met sy pragtige tenoorstem was die jeugdige Dawid. Sy vertolking van Ps. 42 saam met die koor was aangrypend. Abigail is gesing en gespeel deur nou Tant Lettie van Niekerk van blommerangskik-faam. Sy is nou Lettie, toe net Lettie!

Die rol van Saul is vertolk deur wyle Hendrik Roets. Hy het ook die pragtige dekor geskilder. (Hy het ook baie mooi bosveldtonele op klip geskilder).

My eggenoot, Daan Hattingh, het die rol van Samuel vertolk: "O, seuns van Boas en van Rut, verban die twyfel en die vrees. Ek kom as 'n vredebode aan". Sy taak was om vir Dawid te salf met olie uit 'n beeshoring. Een aand het hy 'n bietjie koue water in die horing gegooi, Boet het gesnak na sy asem, maar kon daarin slaag om sy "pose" te hou!

Jack Henning, ook 'n goeie tenoor, was Jonathan.


Al die koorlede het wit klere gedra en dan het elkeen 'n net-stola om sy of haar nek gedra. Al die kleure van die reënboog was in die wasige drapering en het besonder mooi gelyk onder Hendrik se majestieuse berge!

Die oratorio is opgevoer in die ou stadsaal. Twee middae is dit vir die kinders opgevoer. Vier aande vir volwassenes en telkens was die saal vol. Op versoek is dit 'n maand later weer opgevoer.


Die persoon wie nie 'n rol op die verhoog gehad het nie, het wel 'n rol agter die teetafel gehad. Dit was 'n suksesvolle, vreugdevolle en geseënde tyd, en nie net gemeentebou nie, maar ook gemeenskapsbou het plaasgevind.

CLEANRITE
MEMBER IFI
Dry Cleaners cc
Droogskoonmakers bk
114 Smit St., Rustenburg 0300
Tel. (0142) 25004

*M.J. Ferreira & Kie/Co.*
Tel. (014) 592-0624 / 592-9690
Cell. 082 456-4854
Boshoff Str. 36, Rustenburg 0299
✉ 883, Rustenburg 0300
cfa
KOMMERSIËLE & FINANSIËLE REKENMEESTERS
COMMERCIAL & FINANCIAL ACCOUNTANTS



# Super Service



**VIR ALLE FABRIKAAT HERBOUDE ENGINES KONTAK ONS –**
**VIR FLINKE, VRIENDELIKE DIENS VAN ALLE SOORTE MOTORS**
**ASOOK DIE HERSTEL VAN VOERTUIE – KOM NA SUPER SERVICE**
**Wimpie en Hannes Richter sal u daar ontmoet**

Ons telefoonnommer is: **(0142) 29106**
By die huis: Wimpie **(0142) 22932**
Hannes **(0142) 23433**

Ons adres is:
**SMITSTRAAT 100**
Dit is op die hoek van Smit- en Lucasstraat

*Sien julle daar*



# VAN VELDEN-DUFFEY
**Prokureurs • Attorneys**

Dieter Krüger • Igna Klysmith • Gerrie Albertse • Francois van Wyk •
Anne Trusler • Frikkie Pretorius • Muriel Serfontein •
Nico Claassen • Eben Serfontein
Konsultant: Johan Potgieter

**Biblio Plaza-gebou, Tweede Vloer,**
**h/v Van Staden- en Smitstraat, Rustenburg**
**Tel. (0142) 21135 • Faks (0142) 21184 / 26695**